# Só het krygsgevangenes SA se oë oopgemaak



'n Boer kom haal by Zonderwater Italiaanse gevangenes om op sy plaas te gaan werk. Foto: WWW.ZONDERWATER.COM/IT)



**Die Italiaanse krygsgevangenes wat genl. Jan Smuts na Suid-Afrika laat kom het, het Suid-Afrikaners se oë oopgemaak vir 'n ander manier van dink, sê Karen Horn aan Murray La Vita.**

Haar boek *Prisoners of Jan Smuts: Italian Prisoners of War in South Africa in WWII* het "amper per ongeluk" ontstaan, sê die geskiedkundige en skrywer Karen Horn in 'n aanlyn onderhoud uit haar huis in Somerset-Wes.

Horn vertel in dié boek die verhaal van die Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika aan die hand van vyf mans se ervarings. Hulle is Giovanni Palermo, Pietro Scottu, Luigi Pederzoli, Paolo Ricci en Raffaello Cei.

Sy skryf: "It is through their eyes that we gain an understanding of what it was like to be a prisoner at Zonderwater and Pietermaritzburg or in a remote work camp – or what it meant to be on the run from the authorities. Each of these five men had a unique and distinct experience in South Africa. Their stories cover different aspects of the Italian prisoner-of-war experience in the Union; and while they can never be completely representative, their accounts offer greater insights into the realities of being a captive in a foreign land."

Horn, wat 'n navorsingsgenoot in die internasionalestudiegroep van die Universiteit van die Vrystaat is, sê daar is honderde memoires op Zonderwater se webwerf, maar "wat ek wou gebruik, moes natuurlik vertaal word, want ek is nie Italiaans magtig nie. Drie van hulle het nog geleef toe ek aan die boek begin werk het.

"In 2015 het my eerste boek verskyn, wat handel oor die Suid-Afrikaners, *In Enemy Hands: South Africa's POWs in WWII*. Eintlik het ek nie beplan om hierdie boek te skryf nie. Maar by die boekbekendstelling van die eerste boek het die uitgewer my gevra waaroor skryf ek volgende. Omdat die Suid-Afrikaanse krygsgevangenes my so gefassineer het, het ek sonder om te dink aangekondig dat ek oor die Italiaanse krygsgevangenes sou skryf.

"Die dag daarna toe bel Jonathan Ball my en sê vir my sy pa was een van die mense wat by die Zonderwater-kamp buite Cullinan gewerk het as 'n welsynsbeampte. Ná 'n paar gesprekke met Jonathan het ek besluit om die taak aan te pak.

"Toe ek begin skryf, kom ek agter dit is vir my eintlik baie moeilik om oor die Italianers te skryf omdat die Suid-Afrikaners met wie ek onderhoude gevoer het [vir haar eerste boek] in baie gevalle baie negatief oor hulle was. Ek het half kant gekies, wat 'n mens uiteraard nié moet doen as 'n geskiedkundige nie. Maar ek het nog steeds gevoel ek identifiseer meer met die Suid-Afrikaners wat krygsgevangenes was.

"So, dit was vir my aan die begin moeilik om met empatie te skryf, want ek het gevoel die Italianers oor die algemeen het die Suid-Afrikaners nie baie goed behandel nie, veral voordat hulle uit Noord-Afrika as gevangenes na Italië geneem is."

**Mites**


Volgens Horn het Italianers en Suid-Afrikaners ná die oorlog om verskillende redes mites geskep.

"Toe ek pas begin skryf het, het ek baie stories gehoor oor hoe fantasties die verhouding tussen die Italianers en die Suid-Afrikaners was, maar toe ek argiewe toe gaan, kry ek 'n héél ander storie," sê sy.

"Die eerste keer dat ek op 'n konferensie iets oor die Italianers aangebied het, het ek 'n paar van die mites en die goed genoem wat ek in die argiewe gekry het. En ek het taamlik negatiewe terugvoering daaroor gekry.

"In reaksie op een van my eerste artikels het iemand ook geskryf: Hoe durf ek die Italianers in 'n slegte lig stel? Dit was vir my moeilik."

Sy skryf meer as 70 jaar ná die oorlog lyk dit asof die meeste Suid-Afrikaners en Italianers net positiewe verhale oor die krygsgevangenes se tyd in Suid-Afrika in herinnering roep.




***Prisoners of Jan Smuts*** **het vroeër vanjaar by Jonathan Ball Uitgewers verskyn.**

"According to some, POWs and UDF [Union Defence Force] guards formed friendships as the captives settled down happily in their prison camps.

"Yet they capture only a part of the story. The nostalgia in these memories tends to show a longing for a romantic past – which is not entirely true.

"It is the historian's duty to follow the evidence and, in this case, it tells of many unhappy POWs who lived in terrible conditions at the Zonderwater camp, of conflict between guards and POWs. It also tells of prisoners who were desperate to escape, some running away from the authorities, others towards the love they had found in farmhouses across the country. Illegal socialising – and more – between POWs and local women occurred at a regular rate, mostly a case of mutual consent."

Horn sê by van die plekke waar sy nou al praatjies gelewer het oor *Prisoners of Jan Smuts*, is die vrae wat sy van die gehoor kry steeds vrae oor die mites.

"Dit kom ook dikwels van mense af wat op plase gewoon het waar daar Italianers gewerk het. Hulle onthou net hierdie Italianer wat daar was en wat so mooi kon sing en so aan. Maar hulle onthou miskien nie dat hy later ontsnap het of dat hy 'n verhouding gehad het met een van die ander plaaswerkers nie, wat natuurlik vir hulle die mites heeltemal uitmekaar uit skeur."

**'Onder fascisme grootgeword'**

Die mans oor wie sy skryf, buiten Giovanni Palermo, wat ouer was, is in die vroeë 1920's gebore.

"Mussolini het in 1922 aan die bewind gekom, so hulle het onder Fascisme grootgeword en skoolgegaan in 'n Fascistiese bestel. Hulle ouers het Fascisme nog probeer teenstaan, maar ek dink vir húlle moes dit baie moeilik gewees het, want Mussolini het ook, soos Hitler, 'n jeugbeweging begin waardeur die ideologie van kleins af in kinders ingedwing is."

Horn skryf gehoorsaamheid en konformering het die basis van Fascisme gevorm, wat 'n politieke ideologie was wat 'n lewenswyse geword het en deurgedring het na alle aspekte van die Italiaanse samelewing.

"Dit is in 'n mate miskien soos kinders wat grootgeword het onder apartheid… Dít is hoe dit is; 'n mens bevraagteken nie noodwendig dinge wanneer jy 'n kind is nie; dinge wat te doen het met die regering en hoe 'n land beheer word. Jy sal dit miskien later bevraagteken, maar net as

jy die *guts* het om te sê waarin jy glo, wat moeilik sou wees in 'n land soos Italië, waar Mussolini met 'n ysterhand regeer het.

"Ironies genoeg het baie van die Italianers, veral dié wat buite die kampe gewerk het, demokrasie ervaar tydens hul gevangeskap in Suid-Afrika."

**'Te veel Italianers'**

Volgens Horn het Jan Smuts, die premier, besef die Italiaanse krygsgevangenes sal 'n baie nuttige bron van goedkoop arbeid wees. Hy het derhalwe aangebied om veel meer gevangenes in te neem as wat die land in daardie stadium kon huisves.

Sy skryf: "In Smuts's mind, the POWs would replace the UDF volunteers for the duration of the war and in this way the economy of the country could remain on track until peace returned."

Smuts het na haar mening ongetwyfeld 'n langtermynplan gehad met betrekking tot die krygsgevangenes, maar hy het 'n hele paar praktiese oorwegings nie in ag geneem nie.

"Smuts wou byvoorbeeld nie Italiaanse gevangenes hier gehad het wat range gehad het nie. En hy wou ook nie Duitsers hier gehad het nie, alhoewel daar wel 'n paar Duitsers deur Suid-Afrika geneem is op pad na hul permanente gevangenekampe.

"Daardie aspekte het te doen gehad met die verdeling in die Suid-Afrikaanse samelewing tussen die Afrikaner-nasionaliste en die meer imperialistiese pro-Engelse mense, soos Smuts self, wat deelname aan die oorlog ondersteun het," sê sy.

"Dis asof Smuts sekere goed geïgnoreer het en aangebied het om net al hoe meer gevangenes in te neem. Dit was, benewens die goedkoop arbeid, ook om te wys dat Suid-Afrika lojaal is aan Brittanje en die oorlogsdoelstellings.

"Dit het selfs so ver gegaan dat van die vakbonde in Suid-Afrika baie ontevrede geraak het daaroor dat die Italianers Suid-Afrikaners se werk gevat het.

"Toe die Italianers begin bou aan die permanente strukture by Zonderwater, het al die bakstene en sement en ander boumateriaal wat in Pretoria beskikbaar was, na Zonderwater gegaan en die bouwerk in Pretoria kon nie voortgaan nie. Ook het die bouers daar sonder werk gesit.

"So, in daardie opsig het Smuts eintlik Suid-Afrikaners se behoeftes in 'n mate geïgnoreer. Dis 'n baie komplekse ding: Hy wou goedkoop arbeid hê; hy wou Brittanje tevrede stel; en terselfdertyd wou hy nie die verdelings in Suid-Afrika vergroot nie."

**Italiaanse bydraes**

Ons praat oor die bydraes wat die Italiaanse krygsgevangenes tot Suid-Afrika gelewer het.

"Op kort termyn, tydens die oorlog, het hulle 'n groot bydrae gelewer ten opsigte van die oeste waarmee hulle op die plase gehelp het, en so aan. Die meer langtermynbydrae was die paaie waaraan hulle gewerk het, en in die Karoo was daar 'n groot projek om van turksvye ontslae te raak wat dit makliker gemaak het vir boerdery daarna. Van hulle het ook in die Tsitsikamma-woude gewerk.

"Daarby het hulle Suid-Afrikaners se oë oopgemaak vir 'n ander manier van dink as dit kom by kultuur, soos die musiek wat hulle gebring het; die operas wat hulle in die kamp opgevoer het en wat later ook deur dié wat agtergebly het 'n deel geword het van die Suid-Afrikaanse kultuurlewe. Voorheen het hulle miskien net van volkspele gehou en nou het party mense opera toe gegaan.

"Dit was 'n manier om 'n bietjie van 'n internasionale uitkyk op die lewe na Suid-Afrika toe te bring. Paolo Ricci, wat in Pretoria agtergebly het en met wie ek nog 'n onderhoud kon voer, het vir my gesê hy het in 'n stadium – ek dink dit was in die 70's – probeer om pasta in te voer en songedroogte tamaties, en daai tipe goed, en dit het glád nie gewerk nie, want dit was toe nog te vreemd vir die Suid-Afrikaners."

**'Konflik in die kamp'**

Dit was nogal 'n skok vir party Suid-Afrikaners om agter te kom dat die Italianers "glad nie 'n *issue* met ras het nie".

"Die owerhede het blykbaar besluit veral die vroue by Elgin en Grabouw is besonder los, want daar was 'n hele paar van die plaaswerkers wat verhoudings gehad het met van die Italianers wat ook daar gewerk het.

"Die straf was nooit juis op die Italianers gemik nie, dit was op die Suid-Afrikaners gemik, wat nie noodwendig altyd bewus was daarvan dat hulle iets verkeerds doen nie.

"Die Italianers is teruggestuur Zonderwater toe en dáár is hulle saam met die Fasciste [wat apart aangehou is] in daai deel van die kamp aangehou. En dít het ook in die kamp konflik veroorsaak, want hulle was nie noodwendig Fasciste nie, maar omdat hulle iets verkeerds gedoen het, is hulle beskou as nie geskik vir werk nie.



**Karen Horn vertel in haar jongste boek die verhaal van die Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika aan die hand van vyf mans se ervarings.** Foto: NADINE ELEMA

" 'n Ander aspek wat ek dink baie moeilik moes gewees het, is die gevalle van Italianers wat verhoudings gehad het met boere se dogters of vroue wat ook seuns of mans gehad het wat in Europa geveg het. Die Suid-Afrikaanse sesde divisie het in Italië geveg. Hulle het teen Duitsers geveg, maar daar was ook Mussolini se laaste aanhangers wat teen hulle geveg het.

"En dan kom hulle ná die oorlog terug Suid-Afrika toe en hulle kry 'n Italianer in die huis wat 'n krygsgevangene was en wat nou wil trou met 'n suster of 'n ma wat 'n weduwee was.

" 'n Fiksieskrywer kan seker 'n baie goeie storie skryf oor die soldaat wat huis toe kom en die Italianer in sy huis vind wat verloof is aan sy suster, en die verhoudings wat daar uitgewerk word. Ek dink dít moes nogal 'n moeilike ding gewees het."

**'n Zonderwater-koek**

Raffaello Cei, wat 'n kok in die Pietermaritzburg-kamp was, het terwyl Horn aan haar boek gewerk het, 100 jaar oud geword.

"Sy familie het vir my uit Italië 'n foto gestuur van waar hy by die kombuistafel sit met sy verjaardagkoek. Dit was versier met doringdraad en die woord 'Zonderwater'…


"Dat iemand ná soveel jare nog steeds… dat dit vir hom so 'n belangrike tyd in sy lewe was dat hy sy koek só wou laat versier – dit was vir my nogal ongelooflik. Dit het rêrig 'n groot, groot impak gemaak op hul lewe.

"Daar is glo ook baie van hulle wat teruggegaan het Italië toe, maar in hul testament bepaal het as hulle die dag doodgaan, wil hulle in Zonderwater begrawe word."

■ **La Vita is 'n redaksielid van Netwerk24.**

# Proust met…

**Neil Sandilands** het onder meer op internasionale verhoë as akteur naam gemaak. Hy maak ook musiek en is die verteller in die Emmy-benoemde kykNET-realiteitsreeks 'Die Brug'.



**Wat is jou grootste prestasie tot dusver?**
Om te oorleef tot so slap neffens 50. Ek's tans nog dié kant van die lyn.

**Wat is jou idee van perfekte geluk?**
Lewendige aanbod van musiek, die *band* kook en almal speel dat die rook draai.

**Wat is jou gemoedstoestand op die oomblik?**
Leeu in die lang gras.

**Wat is jou gunstelingberoep?**
Poetsbakker

**Wat is jou kosbaarste besitting?**
'n Klip. Matteus 6 vers 33. Dit staan op 'n klip geskryf wat my oupa in sy bedkassie gehou het. Dié klip is nou in my voorhuis.

**Wat of wie is die grootste liefde van jou lewe?**
Skaaptjoppies

**Wat is jou gunstelingreis?**
Dié lewe.

**Wat is jou sterkste karaktereienskap?**
Regverdigheid

**Waar en wanneer was jy op jou gelukkigste?**
Dit kom nog.

**Wat is die een ding waarvan jy die minste hou?**
Venyn, jaloesie. Kombinasie van die twee.

**Wat is jou grootste vrees?**
Ek het 'n irrasionele vrees vir haaie. Ek weet. *Stupid*. *In fact*, daar's nog een, my eie onnoselheid. Ek werk hard daaraan.

**Wat is jou grootste uitspattigheid?**
Ek was nog nooit uitspattig nie. Impulsief soms, eksentriek *maybe*.

**Watter lewende mens verag jy die meeste?**
Ek dink nie ek verag nie. As ek iemand irriterend vind, ten beste, vermy ek maar liefs. Stap elders. Veragting is 'n laerangse tydverdryf.

**Waaroor is jy die meeste spyt?**
Tydmors. Spyt oor spyt. *Rabbit Holes*. Haha.

**Watter talent sou jy graag wou hê?**
Virtuoso op 'n elektriese kitaar. Of saksofoon.

**Waar sal jy die graagste wil bly?**
In die nou.

**Wat beskou jy as die grootste ellende?**
Selfverraad.

**Van watter eienskap in 'n man hou jy die meeste?**
Intelligensie

**Van watter eienskap in 'n vrou hou jy die meeste?**
Intelligensie

**Watter eienskap van jouself is die betreurenswaardigste?**
My romantieke blik. My idealisme. *Paradise lost*. O jimmil, hier's nie genoeg spasie nie.

**Watter eienskap in ander vind jy betreurenswaardig?**
O jimmil, nou's daar beslis nie genoeg spasie nie.

**Wat waardeer jy die meeste van jou vriende?**
Die onverwagte rein gebaar. Is dit nie maar die vriendskap in sigself nie? Bloot die vriendskap. Hulle is immers vriende vir 'n rede. Aanklank.

**Wie is jou grootste (fiktiewe) held?**
Travis Mcgee (John D. MacDonald se fiktiewe held). Hy's so ietsie tussen MacGyver, Tom Hardy, Leonard Cohen, Nick Cave, Tom Waits en Eben Etzebeth.

**Wie is jou gunstelingskrywer(s)?**
Nietzsche, Dostojewski, Michael Connelly (vir *fast food*), Roald Dahl, Nick Cave, Chris du Plessis.

**Met watter geskiedkundige held identifiseer jy die maklikste?**
Don Quixote, Nietzsche, Meursault (Van Camus se *L'Étranger*), Dr. Faustus.

**Wie is jou helde in die ware lewe?**
Ek dink hulle almal is min of meer in musikale sirkels. Dylan, Waits, Parton, Mercury, Cave, Vedder, Björk . . . menende, ek sou wat wou gee om een van hulle in lewende lywe te (kon) ontmoet. RIV Freddie Mercury.

**Watter lewende mens bewonder jy die meeste?**
Ek bewonder, as akteur, vir Daniel Day-Lewis en Tom Hardy *a close second*. Ek smaak ook vir Rassie stukkend.

**Wat dink jy is die mees oorskatte deug?**
Geveinsde nederigheid. Baardskeer.

**Wanneer vertel jy leuens?**
Min of meer elke keer as ek *act*.

**Watter woord of frase gebruik jy te veel?**
Metafisika

**As jy iets aan jouself kan verander, wat sal dit wees?**
Nee wat, ek vat dit soos dit kom, ek het elke lyntjie op my gesig self help inkleur. Vir wat sal ek nou staan peuter? Die slotsom is mos 'n gegewe.


**Wat is jou gunstelingname?**
Skaaptjoppie, skaaptjoppie & skaaptjoppie.

**Hoe sal jy graag wil sterf?**
Daai "graag" van jou het aardige komplikasies vir my gedagtegang. Graag? Onwetend, veronderstel ek. Andersins, ten minste tydens 'n groot makietie terwyl ek dans of musiek maak of so iets. Virtuoso kitaarsolo.

**As jy ná jou afsterwe kon terugkom as 'n mens of 'n ding, wat dink jy sal dit wees?**
'n Ding.

**Wat is jou motto?**
*If all else fails* . . . skaaptjoppies.

By
**Redakteur:** Johanna van Eeden
**E-pos:** jvaneeden@media24.com
**Advertensies:** Erica Ackhurst
**E-pos:** eackhurst@dieburger.com



Little Eva

**Het jy geweet?** "The Loco-Motion" was 'n treffer in drie dekades, in die 60's, 70's en 'n derde keer in die 80's. Veral Grand Funk Railroad se 1974-weergawe en Kylie Minogue se laat 80's-weergawe was groot treffers.
"The Loco-Motion" (of "Locomotion") is 'n 1962-popliedjie geskryf deur die Amerikaanse liedjieskrywers Gerry Goffin en Carole King. "The Loco-Motion" is oorspronklik geskryf vir die R&B-sangeres Dee Dee Sharp, maar Sharp het die liedjie van die hand gewys.
Die liedjie is veral noemenswaardig omdat dit drie keer in die Amerikaanse Top-3 verskyn het, elke keer in 'n ander dekade: in 1962 deur Little Eva (VSA No. 1); in 1974 deur Grand Funk Railroad (ook VSA No. 1); en in 1988 deur Kylie Minogue (VSA No. 3).
Die liedjie is 'n voorbeeld van die dans-liedjie-genre. Baie van die lirieke is gewy aan 'n beskrywing van die dans self, wat gewoonlik as 'n tipe lyn-dans uitgevoer word.
* Ander liedjies in dié genre is "Walk Like an Egyptian" deur The Bangles, "Macarena" deur Los Del Rio, "The Ketchup Song" deur Las Ketchup en "Gangnam Style" deur Psy.





'n Boer kom haal by Zonderwater Italiaanse gevangenes om op sy plaas te gaan werk. Foto: WWW.ZONDERWATER.COM/IT)

# Só het krygsgevangenes SA se oë oopgemaak

**Die Italiaanse krygsgevangenes wat genl. Jan Smuts na Suid-Afrika laat kom het, het Suid-Afrikaners se oë oopgemaak vir 'n ander manier van dink, sê Karen Horn aan Murray La Vita.**



Haar boek *Prisoners of Jan Smuts: Italian Prisoners of War in South Africa in WWII* het "amper per ongeluk" ontstaan, sê die geskiedkundige en skrywer Karen Horn in 'n aanlyn onderhoud uit haar huis in Somerset-Wes.

Horn vertel in dié boek die verhaal van die Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika aan die hand van vyf mans se ervarings. Hulle is Giovanni Palermo, Pietro Scottu, Luigi Pederzoli, Paolo Ricci en Raffaello Cei.

Sy skryf: "It is through their eyes that we gain an understanding of what it was like to be a prisoner at Zonderwater and Pietermaritzburg or in a remote work camp – or what it meant to be on the run from the authorities. Each of these five men had a unique and distinct experience in South Africa. Their stories cover different aspects of the Italian prisoner-of-war experience in the Union; and while they can never be completely representative, their accounts offer greater insights into the realities of being a captive in a foreign land."

Horn, wat 'n navorsingsgenoot in die internasionalestudiegroep van die Universiteit van die Vrystaat is, sê daar is honderde memoires op Zonderwater se webwerf, maar "wat ek wou gebruik, moes natuurlik vertaal word, want ek is nie Italiaans magtig nie. Drie van hulle het nog geleef toe ek aan die boek begin werk het.

"In 2015 het my eerste boek verskyn, wat handel oor die Suid-Afrikaners, *In Enemy Hands: South Africa's POWs in WWII*. Eintlik het ek nie beplan om hierdie boek te skryf nie. Maar by die boekbekendstelling van die eerste boek het die uitgewer my gevra waaroor skryf ek volgende. Omdat die Suid-Afrikaanse krygsgevangenes my so gefassineer het, het ek sonder om te dink aangekondig dat ek oor die Italiaanse krygsgevangenes sou skryf.

"Die dag daarna toe bel Jonathan Ball my en sê vir my sy pa was een van die mense wat by die Zonderwater-kamp buite Cullinan gewerk het as 'n welsynsbeampte. Ná 'n paar gesprekke met Jonathan het ek besluit om die taak aan te pak.

"Toe ek begin skryf, kom ek agter dit is vir my eintlik baie moeilik om oor die Italianers te skryf omdat die Suid-Afrikaners met wie ek onderhoude gevoer het [vir haar eerste boek] in baie gevalle baie negatief oor hulle was. Ek het half kant gekies, wat 'n mens uiteraard nié moet doen as 'n geskiedkundige nie. Maar ek het nog steeds gevoel ek identifiseer meer met die Suid-Afrikaners wat krygsgevangenes was.

"So, dit was vir my aan die begin moeilik om met empatie te skryf, want ek het gevoel die Italianers oor die algemeen het die Suid-Afrikaners nie baie goed behandel nie, veral voordat hulle uit Noord-Afrika as gevangenes na Italië geneem is."

**Mites**

Volgens Horn het Italianers en Suid-Afrikaners ná die oorlog om verskillende redes mites geskep.

"Toe ek pas begin skryf het, het ek baie stories gehoor oor hoe fantasties die verhouding tussen die Italianers en die Suid-Afrikaners was, maar toe ek argiewe toe gaan, kry ek 'n héél ander storie," sê sy.

"Die eerste keer dat ek op 'n konferensie iets oor die Italianers aangebied het, het ek 'n paar van die mites en die goed genoem wat ek in die argiewe gekry het. En ek het taamlik negatiewe terugvoering daaroor gekry.

"In reaksie op een van my eerste artikels het iemand ook geskryf: Hoe durf ek die Italianers in 'n slegte lig stel? Dit was vir my moeilik."

Sy skryf meer as 70 jaar ná die oorlog lyk dit asof die meeste Suid-Afrikaners en Italianers net positiewe verhale oor die krygsgevangenes se tyd in Suid-Afrika in herinnering roep.

"According to some, POWs and UDF [Union Defence Force] guards formed friendships as the captives settled down happily in their prison camps. Yet they capture only a part of the story. The nostalgia in these memories tends to show a longing for a romantic past – which is not entirely true.

"It is the historian's duty to follow the evidence and, in this case, it tells of many unhappy POWs who lived in terrible conditions at the Zonderwater camp, of conflict between guards and POWs. It also tells of prisoners who were desperate to escape, some running away from the authorities, others towards the love they had found in farmhouses across the country. Illegal socialising – and more – between POWs and local women occurred at a regular rate, mostly a case of mutual consent."

Horn sê by van die plekke waar sy nou al praatjies gelewer het oor *Prisoners of Jan Smuts*, is die vrae wat sy van die gehoor kry steeds vrae oor die mites.

"Dit kom ook dikwels van mense af wat op plase gewoon het waar daar Italianers gewerk het. Hulle onthou net hierdie Italianer wat daar was en wat so mooi kon



**Karen Horn vertel in haar jongste boek die verhaal van die Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika aan die hand van vyf mans se ervarings.** Foto: NADINE ELEMA

sing en so aan. Maar hulle onthou miskien nie dat hy later ontsnap het of dat hy 'n verhouding gehad het met een van die ander plaaswerkers nie, wat natuurlik vir hulle die mites heeltemal uitmekaar uit skeur."

**'Onder fascisme grootgeword'**

Die mans oor wie sy skryf, buiten Giovanni Palermo, wat ouer was, is in die vroeë 1920's gebore.

"Mussolini het in 1922 aan die bewind gekom, so hulle het onder Fascisme grootgeword en skoolgegaan in 'n Fascistiese bestel. Hulle ouers het Fascisme nog probeer teenstaan, maar ek dink vir húlle moes dit baie moeilik gewees het, want Mussolini het ook, soos Hitler, 'n jeugbeweging begin waardeur die ideologie van kleins af in kinders ingedwing is."

Horn skryf gehoorsaamheid en konformering het die basis van Fascisme gevorm, wat 'n politieke ideologie was wat 'n lewenswyse geword het en deurgedring het na alle aspekte van die Italiaanse samelewing.

"Dit is in 'n mate miskien soos kinders wat grootgeword het onder apartheid… Dít is hoe dit is; 'n mens bevraagteken nie noodwendig dinge wanneer jy 'n kind is nie; dinge wat te doen het met die regering en hoe 'n land beheer word. Jy sal dit miskien later bevraagteken, maar net as jy die *guts* het om te sê waarin jy glo, wat moeilik sou wees in 'n land soos Italië, waar Mussolini met 'n ysterhand regeer het.


"Ironies genoeg het baie van die Italianers, veral dié wat buite die kampe gewerk het, demokrasie ervaar tydens hul gevangeskap in Suid-Afrika."

**'Te veel Italianers'**

Volgens Horn het Jan Smuts, die premier, besef die Italiaanse krygsgevangenes sal 'n baie nuttige bron van goedkoop arbeid wees. Hy het derhalwe aangebied om veel meer gevangenes in te neem as wat die land in daardie stadium kon huisves.

Sy skryf: "In Smuts's mind, the POWs would replace the UDF volunteers for the duration of the war and in this way the economy of the country could remain on track until peace returned."

Smuts het na haar mening ongetwyfeld 'n langtermynplan gehad met betrekking tot die krygsgevangenes, maar hy het 'n hele paar praktiese oorwegings nie in ag geneem nie.




***Prisoners of Jan Smuts* het vroeër vanjaar by Jonathan Ball Uitgewers verskyn.**

"Smuts wou byvoorbeeld nie Italiaanse gevangenes hier gehad het wat range gehad het nie. En hy wou ook nie Duitsers hier gehad het nie, alhoewel daar wel 'n paar Duitsers deur Suid-Afrika geneem is op pad na hul permanente gevangenekampe.

"Daardie aspekte het te doen gehad met die verdeling in die Suid-Afrikaanse samelewing tussen die Afrikaner-nasionaliste en die meer imperialistiese pro-Engelse mense, soos Smuts self, wat deelname aan die oorlog ondersteun het," sê sy.

"Dis asof Smuts sekere goed geïgnoreer het en aangebied het om net al hoe meer gevangenes in te neem. Dit was, benewens die goedkoop arbeid, ook om te wys dat Suid-Afrika lojaal is aan Brittanje en die oorlogsdoelstellings.

"Dit het selfs so ver gegaan dat van die vakbonde in Suid-Afrika baie ontevrede geraak het daaroor dat die Italianers Suid-Afrikaners se werk gevat het.

"Toe die Italianers begin bou aan die permanente strukture by Zonderwater, het al die bakstene en sement en ander boumateriaal wat in Pretoria beskikbaar was, na Zonderwater gegaan en die bouwerk in Pretoria kon nie voortgaan nie. Ook het die bouers daar sonder werk gesit.

"So, in daardie opsig het Smuts eintlik Suid-Afrikaners se behoeftes in 'n mate geïgnoreer. Dis 'n baie komplekse ding: Hy wou goedkoop arbeid hê; hy wou Brittanje tevrede stel; en terselfdertyd wou hy nie die verdelings in Suid-Afrika vergroot nie."

**Italiaanse bydraes**

Ons praat oor die bydraes wat die Italiaanse krygsgevangenes tot Suid-Afrika gelewer het.

"Op kort termyn, tydens die oorlog, het hulle 'n groot bydrae gelewer ten opsigte van die oeste waarmee hulle op die plase gehelp het, en so aan. Die meer langtermynbydrae was die paaie waaraan hulle gewerk het, en in die Karoo was daar 'n groot projek om van turksvye ontslae te raak wat dit makliker gemaak het vir boerdery daarna. Van hulle het ook in die Tsitsikamma-woude gewerk.

"Daarby het hulle Suid-Afrikaners se oë oopgemaak vir 'n ander manier van dink as dit kom by kultuur, soos die musiek wat hulle gebring het; die operas wat hulle in die kamp opgevoer het en wat later ook deur dié wat agtergebly het 'n deel geword het van die Suid-Afrikaanse kultuurlewe. Voorheen het hulle miskien net van volkspele gehou en nou het party mense opera toe gegaan.

"Dit was 'n manier om 'n bietjie van 'n internasionale uitkyk op die lewe na Suid-Afrika toe te bring. Paolo Ricci, wat in Pretoria agtergebly het en met wie ek nog 'n onderhoud kon voer, het vir my gesê hy het in 'n stadium – ek dink dit was in die 70's – probeer om pasta in te voer en songedroogte tamaties, en daai tipe goed, en dit het glád nie gewerk nie, want dit was toe nog te vreemd vir die Suid-Afrikaners."

**'Konflik in die kamp'**

Dit was nogal 'n skok vir party Suid-Afrikaners om agter te kom dat die Italianers "glad nie 'n *issue* met ras het nie".

"Die owerhede het blykbaar besluit veral die vroue by Elgin en Grabouw is besonder los, want daar was 'n hele paar van die plaaswerkers wat verhoudings gehad het met van die Italianers wat ook daar gewerk het. Die straf was nooit juis op die Italianers gemik nie, dit was op die Suid-Afrikaners gemik, wat nie noodwendig altyd bewus was daarvan dat hulle iets verkeerds doen nie.

"Die Italianers is teruggestuur Zonderwater toe en dáár is hulle saam net die Fasciste [wat apart aangehou is] in daai deel van die kamp aangehou. En dít het ook in die kamp konflik veroorsaak, want hulle was nie noodwendig Fasciste nie, maar omdat hulle iets verkeerds gedoen het, is hulle beskou as nie geskik vir werk nie.

" 'n Ander aspek wat ek dink baie moeilik moes gewees het, is die gevalle van Italianers wat verhoudings gehad het met boere se dogters of vroue wat ook seuns of mans gehad het wat in Europa geveg het. Die Suid-Afrikaanse sesde divisie het in Italië geveg. Hulle het teen Duitsers geveg, maar daar was ook Mussolini se laaste aanhangers wat teen hulle geveg het. En dan kom hulle ná die oorlog terug Suid-Afrika toe en hulle kry 'n Italianer in die huis wat 'n krygsgevangene was en wat nou wil trou met 'n suster of 'n ma wat 'n weduwee was.

" 'n Fiksieskrywer kan seker 'n baie goeie storie skryf oor die soldaat wat huis toe kom en die Italianer in sy huis vind wat verloof is aan sy suster, en die verhoudings wat daar uitgewerk word. Ek dink dít moes nogal 'n moeilike ding gewees het."

**'n Zonderwater-koek**

Raffaello Cei, wat 'n kok in die Pietermaritzburg-kamp was, het terwyl Horn aan haar boek gewerk het, 100 jaar oud geword.

"Sy familie het vir my uit Italië 'n foto gestuur van waar hy by die kombuistafel sit met sy verjaardagkoek. Dit was versier met doringdraad en die woord 'Zonderwater'…

"Dat iemand ná soveel jare nog steeds… dat dit vir hom so 'n belangrike tyd in sy lewe was dat hy sy koek só wou laat versier – dit was vir my nogal ongelooflik. Dit het rêrig 'n groot, groot impak gemaak op hul lewe.

"Daar is glo ook baie van hulle wat teruggegaan het Italië toe, maar in hul testament bepaal het as hulle die dag doodgaan, wil hulle in Zonderwater begrawe word."

■ **La Vita is 'n redaksielid van Netwerk24.**

# Less waiting for trains in future as we go back to the past

**PS** JOHN SCOTT



If I were still a train commuter, which I was, man and boy, but now am not, I would be in a quandary.

The traffic-choked city of Cape Town is keen that I, and many thousands like me, go back to using trains, and we might if only we could catch more than the rare one that flits by like the Brenton Blue butterfly.

We must however take heart from the fact that things have improved since July 7, 2020.

According to Raymond Maseko, Western Cape regional manager of Prasa, the passenger rail agency, that was the date when only 13 of 124 stations were operating.

You could travel on any train so long as it started and stopped at one of those stations, which was very discouraging for commuters wanting to get on or off at one of the other 111.

Now only seven stations are shut, four on the Khayelitsha line and three on the Mitchells Plain line, but the rest of us are all right, Jack, so long as we don't mind waiting forever, like Godot, for the next train.

It is still an hour's wait on the central (or Khayelitsha/Mitchells Plain) lines, assuming you are happy to miss the seven stations. It's also convenient if you have the time to sit and contemplate the nameboard on the opposite platform, and are in no hurry to get to work. A big crowd could build up (well, Prasa and the metro council hope they will) and all try to board the train at once Japanese-style when it finally arrives.

If some end up outside, hanging on the doors and clinging to the roof, it would at least indicate demand for the service.

There's less of a wait, only half an hour, on the northern (or Bellville) line, and there's no need to jump off a moving train at the missing stations. The oldest line of all, to the southern suburbs, is spoilt, with theoretically only 20 minutes between trains. That used to be my commuter line, until I was mugged.

But hey, let's be grateful the trains are moving again, rather than worry about passengers being thrown off before they stop.

Mr Maseko says he hopes by the end of next year we'll have to wait only 10 minutes on all lines.

But first the signal system has to work 100%, he says. I would hope it's working 100% now. Having waited half an hour for a train, I'd hate to end up waiting another half hour for an ambulance because we were signalled on to the wrong line.

Maybe the Cape's problem is its fixation on mass transport.

Gauteng also has hundreds of thousands needing a safe and reliable commuter rail network, but the premier, Panyaza Lesufi, prefers to extend the Gautrain at a cost of R120 billion. I hope he uses the train himself because only those commuters with his sort of income can afford to.

So few use it, in fact, that the private operator Bombela receives a "Patronage Guarantee" – compensation for empty seats.

Last year it received R2,7 billion such compensation. Bombela has the good fortune of being the only rail agency whose empty seats contribute to its profits.

There's a thought, Mr Maseko.

You're concerned because the number of railway passengers in the Western Cape dropped from 622 000 a day in 2015 to the present 104 000. That leaves 518 000.

Think what a profit all those empty seats could represent.

For somebody somewhere.

On the other hand, keep working on that signal system and closing the waiting-time gap.

With luck in 2026 we could be back where we were 10 years ago.

■ **johnvscott38@gmail.com**